



## Redaksioneel

Die redaksie is dankbaar om nog 'n uitgawe van *In die Skriflig* aan ons lesers te bied. Hierdie uitgawe bied 'n artikel van Fritz de Wet wat handel oor 'n pneumaties-bepaalde teoretiese raamwerk vir 'n navorsingsmetodologie in Praktiese Teologie. Hy wys op die unieke aard van prakties-teologiese wetenskapsbeoefening en toon aan hoe 'n pneumaties-bepaalde teoretiese raamwerk binne hierdie proses diensbaar kan wees. Hierdie artikel is 'n belangrike bydrae vir navorsingsmetodologie in 'n tyd waarin sodanige metodologie weer in Teologie aan die orde gestel word. Hannes van der Walt vra die vraag of "Spiritualiteit" die nuwe godsdiens van ons tyd geword het? Hierdie vraag het belangrik geword in die postmoderne geestes-klimaat waar, in verset teen die dominansie van die rede, weer gesoek word na "ervaring" en "gevoelsbeleving" binne 'n religieuse verband. Sy konklusie is dat hoewel "Spiritualiteit" nie werklik as 'n nuwe religie gesien kan word nie, dit tog waar is dat mense entoesiasies soek na nuwe geestelike ervarings. Daarom draai baie mense hulle rug op die hoofstroomkerke waarin hulle meen hulle nie sulke ervarings kan beleef nie. Benno Zuiddam ondersoek die teologiese verskuiwing in die denke van David Faure, die negentiende-eeuse Kaapse predikant. Aanvanklik het Faure sy teologie in die lyn van die rasionalisme bedink, maar het daarna sy toevlug tot spiritisme geneem. Op grond van hierdie historiese gebeurtenis vra Benno die vraag of dit nie ook die lot gaan wees van die Nuwe Hervormingbeweging in Suid-Afrika nie.

Renato Coletto vervolg op 'n vorige bydrae en poog om 'n teologies-gebaseerde benadering ten opsigte van Christelike wetenskap daar te stel. Teenoor 'n piëtistiese twee-rykeleer ten opsigte van die wetenskap verdedig hy die reformatoriese siening dat die Christelike lewe alle terreine van die menslike lewe omvat. Riaan Rheeder skryf oor die waarde van menswaardigheid vir die bioëtik. Teenoor die veronderstelling wat hy raaksien in die regëtik en bioëtik, wat meen dat menswaardigheid in die bioëtik eintlik 'n nuttelose begrip is, wys hy op die moontlikhede wat 'n Christelik-etiese beskouing oor menswaardigheid kan speel in die bepaling van die dieper waarde van die menslike embryo. Dit het konsekwensies vir die etiek van byvoorbeeld embrionale stamselnavorsing en hierdie konsekwensies

sies behoort duidelik uitgespel te word. Ook in die etiek skryf Stephen Gilles oor besluitneming in die lig van die leer van sonde en genade. Etiese besluitneming veronderstel die besit van 'n vrye wil en hierdie artikel behandel die gereformeerde beskouing oor die invloed van die sonde op die etiese wilsuitoefening van die mens. Hy konkludeer dat al is die menslike wil diep aangetas deur die sonde, sowel die wedergeborene as die onwedergeborene tog nog in staat is en die genademiddele ontvang het om korrekte besluite in morele dilemmas te neem. Eweneens in die etiek skryf Stephen Barry oor 'n Christelike respons op die erfenis van die Suid-Afrikaanse WVK. Hy dui aan dat die kerke op die voorpunt behoort te wees van die bevordering van versoening in Suid-Afrika en gee ook 'n aanduiding van wat kerke prakties in hierdie verband kan doen. Lekgetho Moretsi lewer 'n bydrae oor die gee van tiendes vir die kerklike bediening en hy bespreek die ontwikkeling van hierdie gebruik in die Ou en Nuwe Testamente. In besonder wys hy op die belang van die gesindheid van rentmeesterskap en dissipelskap. Hy sluit af deur kerke, veral jong kerke, op te roep om aan hierdie Ou-Testamentiese gebruik in sy Nuwe-Testamentiese betekenis opnuut aandag te gee. In hierdie uitgawe word oor verskeie nuwe publikasies geresenseer.

Die vyfhonderdjarige viering van die geboortejaar van Calvyn het gelei tot verskeie kongresse en konferensies waarop die bydraes van hierdie begaafde teoloog in diepte bespreek is. Belangrike publikasies het ook in hierdie verband verskyn en in sommige van hierdie publikasies word, met gebruik van die oorspronklike tekste, diep gedelf in die teologie van Calvyn en die betekenis daarvan vir die reformatoriese tradisie vandag. Hopelik sal dit die belangstelling in Calvynnavorsing versterk, omdat dit duidelik is dat hierdie klassieke teologie nog baie te bied het vir kerke vandag. Aan die ander kant vind die navorser ook spitsvondige pogings om Calvyn voor die wa van moderne teologiese temas in te span. Calvyn word dan as bewys opgeroep om pa te staan vir moderne neigings in die teologie. Hierdie benadering voldoen nie aan die vereistes van begronde historiografie nie en is onwetenskaplik. Laat ons eerder die historiese werk en bydraes van Calvyn met goeie historiografiese metodiek blootlê en die implikasies van sy bydraes vir vandag bedink. *In die Skriflig* sal graag diensbaar wil wees aan so 'n proses.

**J.M. Vorster**

**Redakteur: *In die Skriflig***